


# ‘n Gebed tot Sint Lourens

Heilige Lourens,
met liefde en blydskap
het u getrou u dienswerk
as diaken uitgeleef
en die pous in sy marteldood gevolg.
Vir u was die kosbaarste besittings van die Kerk
die siekes en armes
en u het hulle altyd geliefd en waardevol laat voel.
Liewe Lourens, ons bid om u voorspraak:
Bid vir ons tot God en smeek Hom
om ons dié genadegawes te gee
waarmee u so geseënd was:
‘n Ware liefde vir die armste onder die armes
en die besef dat ons siekes
soos kosbare geskenke behandel moet word.
Help ons om ons geloof dapper te verkondig;
help ons om nooit skaam te wees oor dit wat ons glo nie
en nooit te bang te wees om dié geloof uit te leef nie.
Ons maak ons gebed deur Christus, onse Here.
Amen.